

This article is available also in [English](#) .

Questo articolo è disponibile anche in [italiano](#) .

Wanneer alle broeders swyg Hoe kort kan 'n mens se geheue wees?



'n Boek is nou op die rakke geskryf deur generaal Johan van der Merwe, oud-kommissaris van die SA-Polisie oor die era van die landsverraaiers, PW Botha, FW de Klerk, Adriaan Vlok en ander meelopers.

Van der Merwe se boek is getiteld "Getrou tot die dood." Niks is verder van die waarheid nie! Wanneer 'n mens die boek lees kom jy gou agter dat dit net 'n verskoning is vir die wandade wat die polisie gepleeg het in hulle "trou" aan die Nasionale Party, wat dit van 'n uitgesoekte groep meelopers verwag het, dit gekry het en nou die prakseerders en uitvoerders van hulle wandade in die steek gelaat het. No honesty amongst thieves.

Iedere patriot en nasionalis sal getuig dat daar geen ander trou is nie as die trou aan volk en vaderland. Hierdie toets faal Van der Merwe en sy boek met lof. Die trou van Vander Merwe en sy ander hoë offisiere was om vir hulle possies te skerm en te keer. Dit terwyl die politici reeds oorgegee het en vir tyd gespeel het om die finale abdikasie in die vel van die Witman te bind.

Die polisie het die volk in die steek gelaat. Enigiemand wat politiek kon lees en skryf moes vanaf dr Verwoerd se dood die skrif aan die muur gesien het. Teenkanting en verset teen oorgawe is begroet met vervolging van diegene. Dink maar aan die vervolging van die stoere patriot, Jaap Marais en selfs die edele dr Albert Hertzog, die felle aanslag teen die Herstigte Nasionale Party en die AWB. Disinformasie en swartsmear is in die geleedere van offisierskorps behendig geprakseer en versprei met die doel om te verdeel en heers. Die AWB is in Ventersdorp omsingel, doodgeskiet en met wapengeweld tot oorgawe gedwing bloot om hulle weerstand teen De Klerk se oorgawe te breek. Jongmanne is by Noenieput met Casspirs dood getrap □ hulle enigste misdaad teenkanting teen die regering. Miljoene rande is spandeer om nuusdraers en verklikkers binne regse organisasies te plaas. Alles deur die polisie om teenkanting teen oorgawe lam te lê onder die dekmantel van wet en orde.

Nie 'n enkele offisier het die moed gehad om die kant van die volk te kies nie. Vir dertig silwerlinge het hulle in sewe tale geswyg... en intussen het die vervolging teen volksgenote en teenstanders al feller geword.

Van der Merwe se boek sal die toets van die waarheid nie slaag nie. Sy oppervlakkige gedweep met sy en die voetewasser Vlok se geloofsoortuiging, noop 'n mens tot mislikheid. Hulle word aangekla dat hulle KHOTSO-huis opgerblaas het. Desnieteenstaande laat hulle toe dat 'n vrou en haar 15 maande-oue baba vir die ontploffing aangehou word vir twee maande. Dit maak nie saak of Shirley Dunn 'n linksgesinde of kommunist is nie. Vlok en Van der Merwe het geweet wat die waarheid is en het die waarheid verkrag. Diep gelowig maar steeds bereid om valse gerugte rond te strooi. Kom nou!

Op Dinsdagaand 17 Augustus 2010 saai die "naïewe" mnr Clem de Klerk oor Radio Pretoria 'n gesprek uit met die oud polisiemanne, genls Geldenhuys, Van der Merwe en brigadier Hennie Heymans waarin hulle opgehemel word dat hulle by die "volk gestaan" het. Dit sal die dag wees! Geldenhuys was die man wat ons en mnr Jaap Marais by Libertas hardhandig in vangwaens gegooi het toe die HNP protes gaan aanteken het oor John Vorster se aktiewe aandeel destyds aan die oorgawe van Ian Smith in Zimbabwe. Hoe kort kan 'n mens se geheue nou werklik wees.

Nou moet die behoudendes onder ons opgevorder word om skurke se hofkoste te help dra. Die einstes wat ons telefone afgeluister het, ons pos onderskep het, ons agtervolg en verdag gemaak het, selfs waar ons gewerk het. Ons selfs voor die howe gesleep en toegesluit het oor ons weerstand teen oorgawe.

Hou op om op sleeptou geneem te word. Sommiges onder ons het besonderse kort geheues, na alle waarskynlikheid omdat hulleself bitter min in die stryd gedoen het, is besig om geld uit die arm en versukkelde volksgenote te pers vir diegene wat gesorg het dat daar vandag nog regses in die tronk sit, wie se vrouens en kinders broodsgebrek lei. Nog nie een keer het ek gehoor dat Radio Pretoria vir hulle geld probeer insamel nie. Of is dit maar 'n geval van witvoetjie soek?

Opgestel deur Piet Rudolph vir die Aksiekomitee: Orde Boerevolk; Posbus 49018

Hercules, Pretoria.

E-pos: piet.rudolph@gmail.com

Dinsdag 17 Augustus 2010